

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Markus 5:21-43 (1953)

²¹ EN toe Jesus weer in die skuit oorgevaar het na die ander kant, het 'n groot menigte by Hom vergader. En Hy was by die see.

²² En daar kom een van die owerstes van die sinagoge met die naam van Jairus; en toe hy Hom sien, val hy aan sy voete neer

²³ en smEEK Hom dringend en sê: My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê haar die hande op, sodat sy gesond kan word, en sy sal lewe.

²⁴ En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring.

²⁵ En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het

²⁶ en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het,

²⁷ het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak;

²⁸ want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word.

²⁹ En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was.

³⁰ En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak?

³¹ En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak?

³² Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het.

³³ Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid.

³⁴ En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.

³⁵ Terwyl Hy nog spreek, kom daar mense van die owerste van die sinagoge se huis en sê: U dogter is dood. Waarom val u die Meester nog lastig?

³⁶ Maar dadelik, toe Jesus die woord hoor wat gesprek is, sê Hy vir die owerste van die sinagoge: Moenie vrees nie; glo net.

³⁷ En Hy het niemand toegelaat om saam met Hom te gaan nie, behalwe Petrus en Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.

³⁸ En Hy kom in die huis van die owerste van die sinagoge en sien 'n rumoer: mense wat baie ween en huil.

³⁹ En toe Hy binnegaan, sê Hy vir hulle: Waarom gaan julle so te kere en ween julle? Die kind is nie dood nie, maar slaap.

⁴⁰ En hulle het Hom uitgelag. Maar Hy het almal uitgedryf en die vader van die kind saamgeneem en die moeder en die wat by Hom was, en ingegaan waar die kind lê.

⁴¹ Toe gryp Hy die hand van die kind en sê vir haar: Talita, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!

⁴² En die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop, want sy was twaalf jaar oud. En hulle was uitermate verbaas.

⁴³ En Hy het hulle met nadruk beveel dat niemand dit moes weet nie, en gesê dat daar vir haar iets te ete gegee moes word.

Broodjies vir die Pad

The reality of death set in motion Martin Heidegger's magnum opus, Being and Time. The reality that at some point each one of us will no longer exist in this life, which is all we have ever known concretely, is a jolt that re-shuffles how we use whatever time we have. Therefore, Heidegger concludes, we can "choose" to live life as fully as we can; we can "own" it and ourselves as fully as possible. He writes of "an impassioned freedom towards death" -- a freedom which frees us from the illusion of just going-along-to-get-along, the freedom to become deeply and passionately involved in the world and with others.



To the woman at the end of her rope, what did Jesus say? "Your trust has saved you." To the panicked parents what was his message? "Do not fear, only believe." Imagine how the woman healed by "trust" and Jarius and his family liberated from fear lived the rest of their days! We can just barely envision how they witnessed with enthusiasm and seized each new morning busy with making sure there was a "fair balance" with those whom they could help in their own particular way because of their unique experiences. "The wound can bless..."

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/06/proper-8-year-b.html>



In *Conflict, Holiness and Politics in the Teachings of Jesus*, Borg cites the story of the healing of

the woman with the vaginal bleeding in his discussion of holiness as transforming power:

... in the teachings of Jesus, holiness, not uncleanness, was understood to be contagious. Holiness - the power of the holy, of the sacred - was understood as a transforming power, not as a power that needed protection through rigorous separation. (p. 147) [as with Jesus touching the leper] ... the same transformation of the understanding of holiness underlies the account of the healing of the woman with a discharge in Mark 5:25-34. Her condition rendered her and all that she touched unclean (Lev. 15:25-30). yet when she touched Jesus' garment, it was not uncleanness that was transferred but rather "power went forth" from Jesus (5:30) and she was healed. (p. 148)

http://wiki.faithfutures.org/index.php?title=229_Commentary

Brood vir die Pad

Om te weet jy moet niks vermors nie

deur Dana Snyman

Dit was of oorlede Pa en Ma nooit iets kon weggooi nie, veral nie kos nie.

Daar was altyd 'n klomp gebruikte margarienbakkies met alles in wat op die tafel oorgebly het in ons yskas: Rys of pampoen of boontjies of wat ook.

Oupa-hulle was ook só. Oorlede Ouma het glo een keer drie ertjies in 'n leë snuifblikkie in die yskas gebêre. Dit het oorlede Ma vertel.

Selfs 'n brood wat te lank in die broodblik gelê het, is nie asblik toe nie. 'n Ou brood het in Ma en Ouma se kombuis gou-gou 'n broodpoeding geword. Dit was ook vir Pa 'n belediging wanneer daar vrugte onder een van ons vrugtebome gelê het. Elke enkele perske of appelkoos of pruim is gepluk en geëet. Van die res het Ouma of Ma konfyt gekook.

Oupa het nie eens 'n krom, geroeste spyker weggesmyt nie. Hy het dit reguit gebuig met 'n tang en dit afgeskuur met fyn skuurpapier.

Oupa was ook baie erg op sy voertuie: Hy het meestal met die bakkie – sy "trokkie", soos hy dit genoem het – gery, maar Sondae is die Chev Impala, sy toerkar, uit die garage getrek. Bewaar jou siel as jy een van die Impala se deure te hard toeslaan. Jy mag ook nie in die Impala geëet het nie.

Ma het ook vertel hoe die predikant een keer by hulle kom huisbesoek doen het. Toe die

predikant sy oë toemaak en begin bid, het Ouma glo die kers doodgeblaas.

Hulle oë is mos toe, het sy geredeneer, dis onnodig om die kers so te mors.

Ouma se oorlede broer, oom Faan, was glo nog meer heilig op sy kar as wat Oupa op sy Impala was. Oom Faan het 'n Zephyr gehad.

Een keer moes oom Fanie-hulle vir tant Kleintjie na haar kinders in die Vrystaat vat.

Dit was vir oom Faan 'n groot bekommernis, want tant Kleintjie was 'n groot, swaar vrou. As sy agterin die Zephyr sit, het oom Faan uitgewerk, gaan die Zephyr se bande skeef afloop.

Toe het hy glo 'n plan gemaak: Hy het besluit dat tant Kleintjie links agter moet sit en toe sit hy 'n groot, swaar klip in die bagasiebak, aan die regterkant. Dit sou volgens hom maak dat die gewig in die Zephyr gebalanseer is en die bande nie dalk skeef afloop nie.

Wanneer Oupa of Pa die storie van oom Faan vertel het, het hulle nie juis gelag nie. Dit was nie vir hulle snaaks nie.

Pa het aan die einde van sy lewe dikwels vertel hoe hy sy eerste langbroek eers gekry het toe hy 16 was. Hy het ook graag vertel hoe hulle soggens deur die ryp skool toe gestap het, kaalvoet.

Een keer het ek my half vir Pa vervies en vir hom gesê dit klink soms vir my of elke wit mens ouer as 70 in hierdie land kaalvoet in die ryp skool toe gestap het. Dit het Pa seergemaak.

Ek kon dit sien.

Hy het lank stilgebly en toe het hy gesê dis nie net swart mense wat al arm was in hierdie land nie.

Jacobsbaai

<http://www.dieburger.com/Rubrieke/DanaSnyman/Om-te-weet-jy-moet-niks-vermors-nie-20120628>

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877